

Die *TGW* verloor 'n besondere staatmaker

Jacques van der Elst: 30 Januarie 1940 – 25 Maart 2022



Jacques van der Elst se dekades lange verbintenis met die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* (*TGW*) was van beslissende belang vir sowel die voortbestaan as die uitbouing van hierdie vakwetenskaplike tydskrif in Afrikaans. Toe die Akademieraad dit op 'n tyd sterk oorweeg het om die uitgee van die twee vaktydskrifte weens kosteoorwegings te staak, het juis Jacques, toe pas aangestel as Hoof- Uitvoerende Beampte, 'n beduidende borgskap beding wat die voortbestaan van albei tydskrifte verseker het.

Dit is egter veral sy voortgesette betrokkenheid as redaksielid wat 'n onmisbare bydrae gelewer het tot die uitbouing van die *TGW* tot 'n gerespekteerde, nasionaal geakkrediteerde vaktydskrif wat ook die besondere prestasie kon behaal om as *Afrikaanse* vakwetenskaplike joernaal in internasionale indekse gelys te word.

Benewens sy bydrae as innoverende outeur van oorspronklike navorsing het hy ook by die samestelling van temanommers 'n bemiddelende rol gespeel. Beskou vanuit 'n redakteursperspektief was dit egter veral sy rol as kundige leser van navorsingsbydraes wat van onskatbare

belang was vir die insluiting van gehalteartikels in die tydskrif. Alhoewel hy krities was, was sy oordeel as ewekniebeoordelaar deurgaans regverdig en geregverdig, en het sy konstruktiewe aanbevelings dikwels gelei tot hervorleggings van verbeterde, herbewerkte bydraes. Dit is om hierdie rede dat Jacques altyd lid was van die klein redaksiekomitee wat my elke jaar moes bystaan om te bepaal watter artikel uitgesonder moes word as die beste artikel wat in 'n gegewe jaar in die *TGW* verskyn het. Vanjaar sal ons sonder sy oorwoë mening moet klaarkom. Gelukkig sal sy nalatenskap voortleef in die benaming van hierdie prys, wat sedert verlede jaar as die *Jacques van der Elst-prys* bekend staan.

INA WOLFAARDT-GRÄBE

Redakteur: *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*

Mei 2022